For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Die Sierduif

September 2026

The Fancy Pigeon

3 SASV - President Pensionarisse.

Drie gewese Presidente van die SASV saam by die Kampioenskapskou 2026.

Chris de Bruin - 2016 - 2025

Renier Lee - 1989 - 1992

Hennie Hattingh - 2011 - 2016.

Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper | Mr. Clive Druce | Mr. Stewart Patterson | Mnr. Wynand Wessels
Ds. Renier Lee | Mnr. Pierre le Roux | Ds. Hennie Hattingh

Uitvoerende Komitee / Executive Committee

Nasionale / National President

Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit 1200 Sel: 082 452 4229 E-pos: dirk@harmonie@co.za

Nasionale Vise-President / National Vice-President:

Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com

Nasionale Sekretaris / National Secretary: (Gekoöpteer)

Nollie Oosthuizen, 48 Felicia street, Northvilla, Benoni, 1501 Sel: 082 655 0659, E-Pos: nollieoost@gmail.com

National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Daleen Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 392 7022

E-pos: ring@sasv-safpa.co.za

Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, Laurellaan 20, Virginia, 9431 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, Laurellaan 20, Virginia, 9431 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative

Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082-855-0089 E-pos: pietodendaal01@gmail.com

Webmeester / Webmaster

Marleen Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 061 661 7420

E-pos: marleenesterhuizen@gmail.com

Streekverteenwoordigers / Region Representatives

Noord-v-d-Vaal: Tommy Laubscher, 14 Drakenstein St, Culemborg Park, Randfontein, 1759 Cell 082 454 0484

E-pos: tommy@protectorgroup.co.za

Vrystaat: Abraham Landman, Posbus 31365, Fichardpark, Bloemfontein, 9317 Sel: 072 600 1990

E-pos: abrahamrsa@ hotmail.co.za

Wes Kaap: Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960

E-pos: thehaircorporation12@gmail.com

Noord-Vrystaat: Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,

E-pos: pietodendaal01@gmail.com

Oostelik Streek: At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,

E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

Noord Kaap: Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,

E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

Oostelike Provinsie: Vakant

Suid Westelike Distrikte: Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400

E-pos Amuller@capekarooint.com

Wes-Transvaal: Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,

E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

KwaZulu-Natal: Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,

E-Pos: duanesschwarz70.co.za

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Editors page / Redakteur se blad

Algemene inligting van die SASV	2
Voorwoord - Nollie Oosthuizen	3
Boodskap van die Ringmeester- Daleen Esterhuizen	4
Skou organisasie in Duitsland - Jan Lombard	5
NVS Jongduifskou - Hennie Hattingh	6
Why are standards important? - Jan Lombard -	10
Scoreboard and rules	16

Verjaarsdae / Birthdays

W038-	Hansie Botes	02-Oct
W083-	CD Cillie	02-Oct
B021-	Willem Human	04-Oct
J033-	William Boshoff	11-Oct
B091-	Karel-Jan Smeda	15-Oct
G040-	Rudie Viviers	16-Oct
K044-	John Rudman	20-Oct
J047-	Peet Botha	24-Oct
N055-	Shayla Schwarz	27-Oct
B035-	Ruan de Bruin	29-Oct

Nuwe Lede / New Members

G003 Wilco Boerdery Cobus & Wimpie Spangenberg 25 Van Riebeeck Street, Upington 8801
K004 Aiden Osborne 3 Markus street, Kamma Park Port Elizabeth 6070
G004 Adriaan Graaff 8 Peakman Str. Beacon Field Kimberley 8300

Voorwoord

Nollie Oosthuizen
Nasionale Sekretaris SASV

Ek skop graag af met ‘n dankie dat ek deel kan wees van die SASV. ‘n Professionele vereniging met lede soos familie, grondwet en reëls waarop elkeen kan trots wees. Dalk moet dit net meer gelees en waardeer word.

Die SASV kan nog sterker groei as ons almal net uit die boks dink en vernuwing toelaat. Onthou vir die ware liefhebber is duiwe nie net ‘n stokperdjie nie maar ‘n leefwyse.

Kommer heers egter oor die voortbestaan van ons stokperdjie agv die gemiddelde ouderdom van ons lede en dat die groot geeste in die duiwe gemeenskap uittree of afsterf. Dit is wel verblydend om te sien dat die jonger lede so entoesiasties is, betrokke raak en presteer.

Na nog ‘n suksesvolle jaar tydens die skou seisoen wens ek elkeen baie sterkte toe met die broeiseisoen.

Kom ons glo in mekaar en geniet as familie die stokperdjie.

Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub

President: At van Jaarsveld
e-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
Sel: 072-368-1214

Sekretaris: Jay-Dee Conradie
e-mail: jdconradie82@gmail.com
Sel: 0810417950

Augustus 2025

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: ring@sasv-safpa.co.za Cell: 084 392 7022

’n Boodskap van die Ringmeester

Daleen Esterhuizen

Beste lede en mede-duiweliefhebbers

Dit is vir my ’n groot voorreg om van hierdie jaar as julle ringmeester te mag dien. Eerstens wil ek elkeen van julle opreg bedank vir die vertroue wat julle in my gestel het. Ek waardeer dit baie en aanvaar hierdie verantwoordelikheid met trots, maar ook met groot respek vir die taak wat voorlê.

Ons almal deel dieselfde liefde vir ons duiwe en vir hierdie wonderlike stokperdjie. As ringmeester wil ek graag daardie passie saam met julle uitleef en my deel doen om te verseker dat ons skoue vir almal ’n positiewe en aangename ervaring is.

Vir my is **regverdigheid, eerlikheid en goeie sportmanskap** baie belangrik. Elke lid verdien om met respek en billikheid behandel te word, ongeag of jy ’n ervare teler is of nog maar net jou voete vind. Ons kom immers bymekaar om ons duiwe te geniet, ons kennis te deel en met mekaar mee te ding op ’n gesonde en vriendskaplike manier.

Ek glo ook sterk dat ons vereniging se krag in **samewerking en ondersteuning** lê. Ons kan baie by mekaar leer, en niemand weet alles nie. Deel gerus julle kennis, vra vrae, gee raad en ondersteun mekaar waar julle kan. ’n Goeie woord of ’n bietjie hulp van ’n mede-lid kan soms ’n groot verskil maak.

Die nuwe seisoen lê voor ons, met nuwe uitdagings, nuwe geleenthede en natuurlik die hoop op daardie spesiale duif wat dalk vanjaar die kollig gaan steel! Kom ons benader die seisoen met entoesiasme, positiewe gesindheid en respek vir mekaar.

Ek sien uit daarna om saam met elkeen van julle ’n suksesvolle en genotvolle seisoen te beleef. Mag ons nie net mooi duiwe in die beoordelaarshokke sien nie, maar ook baie lag, goeie vriendskappe en onvergeetlike herinneringe maak.

Baie dankie weereens vir julle vertroue. Ek waardeer dit opreg en sien uit na die pad wat ons saam gaan stap.

Sterkte vir die nuwe seisoen – mag die beste duif wen!

Groete.

Pelser Loft

Teel met
Birmingham Rollers
Sel: 084 636 6714
e-mail: hendrik69pelser@gmail.com
Adres: 78 Zombastraat, Doorn, Welkom

Januarie 2026



Skouorganisasie in Duitsland

Jan Lombard

Duitsland is myns insiens die land waar die kleindier-sporte die beste georganiseer word. Om die rede was ek al 6 keer daar, en gaan ek DV vanjaar weer! Sierduiwe word saam met pluimvee, watervoëls, kouvoëls en konyne geskou, binne een oorkoepelende organisasie – die BDRG. Lede betaal Euro 12 lidmaatskapfooie per jaar. Alhoewel dit vergelykbaar is aan die koste van ‘n goeie ontbyt in ‘n hotel (of ‘n relatief goedkoop bottel witwyn – m.a.w. relatief min geld in hulle terme) is die Duitsers nogal sensitief as iemand dit durf waag om voor te stel dat die fooi moet verhoog.

Die kleinste vorm van ‘n skou is die sogenaamde “lokalschau“ wat deur plaaslike klubs gereël word. So ‘n klub se lede kom uit ‘n paar nabyliggende dorpies. Slegs lede van die spesifieke plaaslike klub mag aan die “lokalschau“ deelneem. Ek was verlede jaar op so ‘n skou van die Wachenbuchen klub. Daar was ongeveer 400 inskrywings, wat 3 pluimveerasse en 4 sierduifrasse wat deur 5 of 6 vertoner ingeskryf was. Die klubs besit hulle eie skouhokkies en het gewoonlik ‘n klubhuis met plek vir ‘n aantal hokke. ‘n Plaaslike klub kan ook ‘n “Algemeine“ skou reel waarna vertoners uit naburige klubs genooi word.

‘n Plaaslike klub vorder Euro 12 in van elke lid. Hiervan gaan Euro 3 na die Kreisschau, Euro 1 na die Ladesschau, en Euro 1 na die Bundesschau. Die klub hou dus net Euro 7 per lid oor vir hulle eie uitgawes, wat aangevul word deur inskrywingsfooie, donasies, en fondsinsamelings. ‘n Aantal Plaaslike klubs val binne in ‘n Kreiss (dink distrik in ons terme). ‘n Paar Kreise val binne ‘n Landesverband wat Landesschaue organiseer. ‘n Landesverband val binne die grense van ‘n federale republiek, bv. Hessen. Dit is vergelykbaar met provinsies in Suid Afrika.

Die Bundesschau of “Nationale“ is hulle Kampioenskapskou, vergelykbaar met ons SA’s – net BAIE groter. Dit word deur die BRDG gereel, en vind gewoonlik in die stad Leipzig plaas. Die Neue Leipzig Messe met sy sentrale glaskoepel en 5 massiewe sale daar rondom, is waanskynlik die mees imposante skou “venue“ wat ek al besoek het. Google dit gerus!

Behalwe vir inskrywingsfooie (Euro 10-15 per inskrywing = R180 tot R 270!!!) word die BDRG befonds deur toegangsgelde (Euro 12 per dag vir alle besoekers – ook die vertoners betaal hierdie toegansgelde!!!); uitverhuur van stalletjies aan industrie-uitstallers (bv. Boeke, dierevoedsel, vervoerkissie, klerasie, kos ens. ens.) Met ongeveer 100 000 inskrywings en +- 50000 besoekers wat die 2012 Europaskou getrek het kan julle maar self die begroting uitwerk! Die BRDG verkoop ook ringe and die Landesverbande (provinsiale organisasies) wat dit weer teen ‘n wins aan die lokale klubs verkoop.

Die BDRG is egter ook ‘n oorkoepelende liggaan vir die VDT (Sierduiwe); VGHW (Groot Hoenders en Watervoëls), VZI (wilde duiwe, kouvoëls en siervoëls – bv. Fisante) en die VZV (bantams of zwerghuhn soos hulle dit noem). In die geval van hierdie groter organisasies (wat elk op ‚n spesifieke diergroep fokus) betaal spesklubs (“sondervereine“) lidmaatskapfooie aan die VDT/VGHW, VZI en VZV. As jy dus aan ‘n spesklub behoort, betaal jy naas die Euro 12 addisionale fooie (wat wissel per klub) aan jou spesklubs, waarvan ‘n deel na die VDT (of in die geval van ander diere na ander organisasies) gaan. Baie Duitsers het 1 of 2 rasse duiwe (gewoonlik net 1 kleur in ‘n ras) dalk ook ‘n hoenderras, en baie keer ook ‘n konynras. Hulle betaal dus die Euro 12 plus nog ‘n paar spesklubfooie. Spesklubs hou natuurlik ook skoue, hulle sg Sonderschaue (SS) wat op ‘n streeksbasis werk. Sommige het 2 streke – bv. Noord en Suid, ander het meer streke. Dan hou hulle ook ‘n HSS (Hauptsonderschau) wat kan saamval met die Nationale, of afsonderlik kan plaasvind. In 2024 was ek bv. op die Beierse Kropperskou met 2000 kroppers van verskeie rasse – o.a. die Europese Kampioenskap-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: ring@sasv-safpa.co.za Cell: 084 392 7022

skou vir Brunners, met Brunner telers uit ‘n hele paar Europese lande. Dit was in StraSSkirchen. Die dorpie is baie klein, en het nie eers ‘n hotel of gastehuis nie. Ek moes (16 minute per trein daarvandaan) in Plattling bly, en amper 2km stap vanaf die treinstasie na die skousaal met my tas vol beeldjies!

Tydens Desember 2025 was die 129ste Lipsia Bundesschau (Nationale) in Leipzig. Dit het ook die 52ste VGHW (Groothoender en Watervoëls); 97ste VZV (Bantams) en 74ste VDT (Sierduifskoue) ingesluit. Daar was aanvanklik in totaal meer as 40000 inskrywings, MAAR die pluimvee afdelings was kort voor die skou se aanvang gekanselleer weens voëlgriep. Die sierduifgetalle wat wel vertoon was, is nadelig hierdeur beinvloed. Soos reeds genoem skou baie duiweboere ook hoenders, en het sommiges besluit om tuis te bly, aangesien hulle nie al hulle diere kon vertoon nie. (Baie diere word op die groot skoue verkoop – om kostes en inskrywingsfooie te probeer verhaal.) Dit was egter n baie groot sierduifskou (25000 inskrywings), aangesien die BDRG Bundesschau gekombineer was met die VDT skou. Gewoonlik vind dit afsonderlik plaas. In 2026 sal die BDRG skou weer in Leipzig wees op die eerste naweek en Desember, met die VDT skou in Ulm – twee weke later. DV sal ek vanjaar beide kan meemaak, asook die Poolse Nasionale skou in Kielce op die naweek tussen-in. Ek gaan besig wees op die Duitse skoue, maar sal darem die Poolse skou kan geniet as toeris met ‘n kamera!

NOORD-VRYSTAAT JONGDUIFSKOU

Hennie Hattingh

Die jaarlikse Jongduifskou van Noord-Vrystaaat Sierduifstreek is gehou op 29 Augustus 2026 in die saal van die A.P. Kerk Kroonstad. Daar is 294 duiwe vertoon deur 24 vertoners in 46 rasse. Die hoofbeoordelaar van die dag was Bertie Wessels, sy eerste na sy aanstelling as hoofbeoordelaar tydens SA’s 2026. Hy is bygestaan deur 7 ras beoordelaars. Die administrasie is gedoen deur ds Hennie en Roné Hattingh en die dames van die A.P. Kerk Kroonstad het gesorg vir die verversings.

Saam met die Jongduifskou het die Rollerklub en die Mookee-klub hul prestigeskoue gehou waar ‘n goeie verteenwoordiging van goeie kwaliteit duiwe vertoon is. Die beoordelaars by die Rollerklub was Bertie Wessels en Christo Munnik en by die Mookee-klub ds Hennie Hattingh.

Hiermee saam die volledige uitslae.

TOP 7 - TOEKENNINGS

HOOFBEOORDELAAR : BERTIE WESSELS

SENIORS

Kampioenduif op Skou	Jakobyn	Nollie Oosthuizen
1’ste Reserwe	Mookee	Phillip Lee
2’de Reserwe	Italian Owl	Chris de Bruin
3’de Reserwe	S.A. Toy	AHA Toys
4’de Reserwe	Gros Mondain	Helene Roodt
5’de Reserwe	Brunner	Estreux Boerdery
6’de Reserwe	Cauchois	Chris de Bruin

JUNIORS

Kampioenduif op Skou	King	Jaco Marais

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

RASWENNERS

RAS	VERTONER	BEOORDELAAR
Brunner Pouter	Estreux Boerdery	Nardus Marais
Norwich Cropper	Hendri Botha	Helene Roodt
Holle Cropper	Estreux Boerdery	Helene Roodt
Pigmy Pouter	Marleen Esterhuizen	Nollie Oosthuizen
Voorburg Shield Cropper	Marleen Esterhuizen	Chris de Bruin
Canaria Cropper	Estreux Boerdery	Chris de Bruin
King	Hein Hoffmann	Helene Roodt
Gros Mondain	Helene Roodt	Rob Lombard
Runt	Helene Roodt	Christo Munnik
American Giant Runt	At van Jaarsveld	Christo Munnik
Mookee	Phillip Lee	Hennie Hattingh
Carrier	Helene Roodt	Chris de Bruin
Dragoon	Hennie Hattingh	Helene Roodt
Barb	Fancy Lofts	Sevannah de Bruin
African Toy (S.A. Toy)	AHA Toys	Nardus Marais
English Trumpeter	Ettiene Oosthuizen	Chris de Bruin
Modena -Schietti	Helene Roodt	Christo Munnik
SA Botternek Tuimelaar	Estreux Boerdery	Nollie Oosthuizen
Vienna S/F Tumbler	Estreux Boerdery	Chris de Bruin
Oriental Roller	Estreux Boerdery	Chris de Bruin
Portuguese Tumbler	Hendri Botha	Bertie Wessels
Rostower Tumbler	Estreux Boerdery	Christo Munnik
African Owl	Fancy Lofts	Christo Munnik
Oriental Frill - Satinette	Helene Roodt	Christo Munnik
Italian Owl	Chris de Bruin	Nardus Marais
Birmingham Roller	At van Jaarsveld	Bertie Wessels
SA Distance Roller	DMR Lofts	Christo Munnik
German Beauty Homer	Hein Hoffmann	Rob Lombard
Working Homer	DMR Lofts	Nardus Marais
American Giant Homer	DMR Lofts	Bertie Wessels
Parlour Tumbler - Single	DMR Lofts	Bertie Wessels
American Show Racer	Robertson Lofts	Chris de Bruin
Polish Lynx	HP Lynx	Nardus Marais
Lahore	Helene Roodt	Chris de Bruin
Gimpel	Fancy Lofts	Chris de Bruin
Thai Laugher	Estreux Boerdery	Chris de Bruin
Cauchois	Chris de Bruin	Christo Munnik
Ice Pigeon - Muffed	Helene Roodt	Chris de Bruin
Old Dutch Capuchine	Hennie Hattingh	Christo Munnik
Modeneser	Harry Munnik	Chris de Bruin
Dutch High Flyer	Chris de Bruin	Christo Munnik
Stargard Shaker	Hennie Hattingh	Chris de Bruin
Swiss Mondain	At van Jaarsveld	Hennie Hattingh
Jacobin	Nollie Oosthuizen	Sevannah de Bruin
Frillback	Helene Roodt	Hennie Hattingh
King (Jnr)	Jaco Marais	Helene Roodt

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: ring@sasv-safpa.co.za Cell: 084 392 7022

Kampioenduif op Skou

Jakobyn

Nollie Oosthuizen ontvang sy sertifikaat vir "Kampioen Duif op Skou" van Bertie Wessels, Hoofbeoordelaar van die dag.

Kampioenduif op Skou - Junior

King

Jaco Marais ontvang sy sertifikaat en trofee van Bertie Wessels vir die "Beste Duif op Skou - Junior"

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub

President: Bertie Wessels
e-mail: bertie_wessels@hotmail.com
Sel: 083 733 4191

Sekretaris: Ds Hennie Hattingh
e-mail: henniehattingh703@gmail.com
Sel: 082 923 3910

Prestigeskou ***Augustus 2025***

3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad



Nardus Marais ontvang sy prys as wenner van die Mookee Prestigeskou van Ds. Hennie Hattingh, beoordelaar van die skou.

At van Jaarsveld ontvang sy prys as wenner van die Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub Prestigeskou

Dirk Helm ontvang sy prys as wenner van die beste SA Distance Roller op die Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub Prestigeskou



Why are standards important?

By Andrew Kerns

Sent in by Jan Lombard, with permission from Andrew.

Nota: Die eerste deel van hierdie artikel is op alle rasse van toepassing; die res op Waaiersterte.

A Standard of Perfection serves several purposes.

The first is to provide a guideline for judge's in which to evaluate entries at shows. It gives detailed descriptions of each trait and assigns point values to each trait so the judge knows the relative importance of each trait to each other. This prevents the judge from selecting a preferred style or type that puts more emphasis on a particular trait than what the standard calls for. In Fantails, the point distribution stresses balance and the points reflect that.

The second purpose of the standard is to provide the breeding direction and goals for breed development. All breeders of any exhibition breed should try to adhere to the standard as it otherwise causes confusion and the spread of substandard stock to new and potential breeders. The standard ensures the defining traits of a particular breed are preserved for future generations.

Not every specimen bred will measure up to the Standard of Perfection in a positive way and that is ok. Not every youngster raised is ashow winner and this process of selection and development takes time to understand which is why the standard is such a valuable tool in doing so. There is room for and a place for all pigeons, but if you are a breeder then a copy of the standard should be in hand.

Here is the official Standard of Perfection for Fantails as accepted by the National Pigeon Association as well as endorsed by all Fantail organizations in the United States as well as many others around the world.

EFC Standard of Perfection

The philosophy of this standard of perfection is to achieve a refined, balanced Fantail, a Fantail that displays this balance while standing, while in motion and in transition from one to the other. The points allowed for the individual traits are insignificant unless a balance of the general requirements is achieved.

The Fantail is primarily a bird of type and action; “type” meaning to represent typical structural characteristics and posture while standing. “Action” meaning behavior and method of performing while in motion. 80 points describe the type while stationary; 20 points describe action, carriage while in motion.

Fantails are to be judged by comparison, seeking the best refined balance of the strongest traits that define the breed --- round body, large tail, well set legs and head while standing and in motion.

In solid and patterned selfs an advantage of 5 points may be allowed for excellence in plumage color. In marked birds, such as saddles, tailmarks and bodymarks, 5 points may be allowed for excellence in marking and 5 points for excellence of plumage color of recognized colors. There is no allowance for color or markings in whites and NCC’s (Non-Classified Colors).If two birds are equal in general requirement points the smaller bird is preferred.

Body Round like a ball when viewed from any angle, showing a graceful curve from beak to feet when viewed in profile.

Keel. Relatively short keel protruding well in front of the wings, producing a full round underbelly and forward depth.

Back Should give the appearance of being slightly hollow in the center. Length of back should be in proportion with length of neck, to allow for proper head setting.

Body, Keel & Back 12

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: ring@sasv-safpa.co.za Cell: 084 392 7022

Wings In profile, narrow from top to bottom, bottom wing line unbroken, flights just clearing the lowest feathers of the tail, flights not too long, tips nearly meeting behind the tail and resting gently on the floor. Wings should be well up on the sides of the body, exposing as much body frontal as possible and some of the lower leg. From the front, wings shall be hidden so as to preserve the overall appearance of roundness of the bird. Flights shall be tight against the body and feathers tight together.

Wings 8

Body section total 20

Tail Slightly concave, circular, closely filled with broad even set feathers, well overlapping each other. The tail should be set high enough on the body to allow the bird to have as much top tail as possible without forcing the head out of the pocket. The tail should be straight on the bird from side to side.

Tail 10

Cushions Front, full, long and wide. Back strong, wide, flaring and centered on the tail.

Rump Sufficient rump to support the tail, straight from side to side and well up.

Cushions & Rump 5

Ratio The relationship of tail size (as determined by vertical height of the slightly concave, circular appearing tail) to the body size (as determined from floor to top of chest) while the bird is showing should approach 2 to 1.

Ratio 5

Tail section total 20

Head/Neck

Head Small showing refinement, smooth, free of ornaments

Head 2

Beak Thin and medium in length, with small fine textured wattles. Color in accordance with feather color.

Beak 1

Beak Wattle Small and fine in texture.

Wattle 1

Eyes / Ceres Clear, bright, alert, eye cere as fine as possible and colored in accordance to feather color. Eyes dark for all white headed colors. Pearl eyes or yellow to orange-red eyes for all other colors. Pearl eyes preferred.

Eyes/Ceres 1

Neck & Headset Thin, nicely curved and tapered well off as it approaches the head. Length of neck should correspond with length of the back to enable the head to consistently set effortlessly centered, from side to side, and at the base of the cushion. This shall be known as the pocket. Beak line should flow into the curve of the body profile. Head must not be visible above the chest from straight on front, and should be well beneath the top of the chest when viewed in profile.

Neck & headset 5

Section total 10

Legs/Feet Legs Strong, moderately short to medium length, not stilty, set well apart and forward of the center of the body circle (resulting in rear depth) and so as to conform with the curve of the body line. There should be no appearance of “buckling”, bowed in, or spreading out past the width of the body. When standing they should be squared, not with one pulled back.

Legs 15

Feet Strong, neat, fine, free of feathers and bright red in color. When standing the bird’s weight should be set soundly on the front toes. The ball of the foot should be slightly off the floor. The feet should be squared up, not one pulled back or turned in.

Feet 5

Legs and feet section total. 20

Plumage Clean, neat, hard and tight fitting, with no pants or loose feathers obscuring the lower legs.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

All feathers on the Fantail should be short including the flights, except the tail and cushion feathers should be long. Plumage pigmentation to comply with recognized color descriptions.

Plumage 10

Carriage and Motion. Carriage in motion relates to the behavior and carriage of a Fantail in motion, or walking. Posture while standing is covered with each structural trait. Proper carriage in motion demonstrates a balance between all the structural traits ensuring no trait invades and destroys another. Fantails should walk forward in an airy carefree manner while maintaining graceful control. A Fantail should go on short trips (jaunts) and have its head thrown back in a graceful, effortless manner consistently centered from side to side and at the base of the cushion, maintaining a full round body with wings well covered and closely fitting to the body, tail carried upright presenting as much top tail as possible while walking on its front toes. There should be a slight upheaval of the chest with each step and no inclining forward or dropping backward of the tail and no loosening of the wings.

The Fantail should perform these disciplines without a great deal of encouragement. However, the judge may have to straighten tangled feathers or wait for distractions in the walking pen to dissipate. Carriage in motion is the only place all the traits are considered as a whole. Carriage in motion explains how the traits of a Fantail relate to each other while the Fantail is in motion.

Carriage and Motion 20

Total points for general requirements: 100

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: ring@sasv-safpa.co.za Cell: 084 392 7022

Never Borrow Sorrow From Tomorrow

Deal only with the present —
never step into tomorrow,
For God asks us just to trust Him
and to never borrow sorrow,
For the future is not ours to know,
and it may never be,
So let us live and give our best
and give it lavishly. . .
For to meet tomorrow's troubles
before they are even ours
Is to anticipate the Savior
and to doubt His all-wise powers,
So let us be content to solve
our problems one by one,
Asking nothing of tomorrow
except "Thy will be done."

Seëninge Kom Op Veelvuldige Wyse

As dinge soms skeef loop
En laste ons druk -
As ons nagte te lank word
En ons smaak geen geluk,
Dan word ons swartgallig
En ons sien elke nood
As iets onoorkomlik -
As iets yslik groot.
Ons vererger ons laste
Deur nie te probeer
Om te kyk waar die reënboog
Die wolke verkleur,
En die seën van God
Word verkeerdelik vertolk
As 'n vreesaanjaende
Dreigende wolk.
Ons dink soms God stuur dit
Om ons te bedroef,
Maar dis als tot ons heil
En om ons te beproef

Helen Steiner Rice

Uil & StrikduifKlub

Spesialiteitsklub vir:

Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)

President : Shaun Smeda - 072 190 0345
Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496
leendert270@gmail.com

Augustus 2025

Suid-Afrikaanse Homer Klub

President: Hein Hoffman
e-mail: hoffmanhein80@gmail.com
Sel: 083 452 3383

Sekretaris: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

In Association with
Noord van die Vaal

The Admissible Thoughts of Mrs Puff

Follow "The Admissible Thoughts of Mrs Puff" on Facebook, join me; Sevanah De Bruin, AKA Sevvy, on my Facebook page where I share the love for our pigeons and hobby!

#BIRDINFOCARE

AVIO MED

PigeonVet.com

For any enquires please contact Joelandie Boshoff.

WWW.PIGEONVET.COM
+27 76 792 9628
INFO@PIGEONVET.COM

SCAN HERE FOR WEBSITE

SCAN HERE FOR WHATSAPP

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: ring@sasv-safpa.co.za Cell: 084 392 7022

Bankovs and Manie Fourie Trophies/Trofees

Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.

NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.

Important information

Order from the National Ringmaster:

1. Book of Standards R300 each

2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each

3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each

4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each

5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each

6. Metal Member & Judges scrolls R50 each

7. National pocket badges (Green) R70 each

8. National Honour scrolls (Green) R30 each

9. National Ties (Green) Contact Ringmaster

All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mrs. Daleen Esterhuizen for correct postage.

Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. ‘n Leersame/feitelike artikel deur ‘n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. ‘n leersame artikel vanaf ‘n ander bron wat net deur ‘n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. ‘n Brief van ‘n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. ‘n Verslag oor ‘n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien ‘n verslag saamgestuur is.
7. ‘n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. ‘n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.

NB ‘n Lid wat ‘n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.

Score board

Bank OFS Shield

1. Western Transvaal:	**1131**

Manie Fourie Trophy

1. North-of-the-Vaal:	**1050**
2. South Western Districts:	**860**
3. Northern Freestate:	**844**
4. Eastern Region:	**0**
5. Northern Cape:	**0**
6. Freestate:	**0**
7. Eastern Province:	**0**
8. Western Cape:	**0**
9. KwaZulu-Natal:	**0**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873